

22 Desember

Matteus 2:1-6

(Teks: 2:1) God se plek

"Jesus is in Betlehem in Judea gebore..."

Daar is 'n tyd om gebore te word, vir elke mens. Daar is ook 'n plek waar ons gebore word. Daardie plek is God se plek vir ons. Só was dit 2000 jaar gelede ook met sy Seun op hierdie aarde. Betlehem was sy geboorteplek. Hou dié dorpie goed in gedagte, so 7 kilometer suid van Jerusalem. Dié naam beteken "broodhuis". Dit is so genoem vanweë die grond se vrugbaarheid in die omstreke. Veral in teëstelling met die onvrugbare woestyn van Juda, vlakby geleë.

Ja, waar daar brood is, is daar kos. Brood was juis van ouds af die daaglikse kos. Trouens, alle voedsel word soms onder die naam "brood" saamgevat. Maar waar daar kos is, is daar ook lewe. Woestynduine lewer geen kos nie, geen "brood" nie, geen lewe nie. Ook Betlehem is geleë in 'n wêreld van sonde wat geen "brood" en lewe in homself het nie. Maar juis in Betlehem plaas God die Brood van die Lewe tussen ons, met die geboorte van sy Seun. En die Brood wat God gee, is Hy wat uit die hemel kom en aan die wêreld die lewe gee. "Ek is die brood wat lewe gee," het hierdie Kind later in sy lewe gesê. Só sal hy wat My eet, deur My lewe. Ek het gekom, sodat julle lewe en oorfloed kan hê.

Watter kos gaan u alles vir u Kersmaal voorberei? Gaan dit net 'n "Kris-mis-ete" wees? 'n Maaltyd sonder Jesus van Betlehem? Dan gaan u honger bly, in u siel!

Nee, Kersfees is die fees om van die Lewende Brood van Betlehem, die "broodhuis" te eet. Die Heilige Gees gee in ons iets wonderliks. Die ware geloof. Dit is in ons soos 'n hand en 'n mond vir ons hongerige siel. Hiermee kan ons die Lewende Brood vanuit die "brood huis" eet en ons siele versadig word. Dan het ons geestelike krag vir elke dag, vir elke omstandigheid, vir elke plek.

Sing Psalm 146:2 Ds. P. du Plessis (Drieviersboom)